Publication: Burger (Kaap Stedelik)
Date: Wednesday, July 05, 2017
Page: 11

# Onse Vader-gebed leer ons oor leierskap

**Godsdiens Aktueel**
Nico Koopman



In hierdie maand wat ons die erflating van Nelson Mandela vier, hunker ons opnuut na goeie leierskap op alle lewensterreine.

En die Onse Vader-, Onse Moeder-, Onse Ouer-gebed leer belangrike lesse oor leierskap.

Vir ware leiers gaan dit nie oor hul eie name en eer, roem en reputasie nie. Hulle werk vir 'n saak wat groter as hulle is. Hulle voel dus nie bedreigd nie. Hulle is oop vir vermaning en teregwysing, kritiek en advies.

Ware leiers soek na die koninkrykslewe vir alle mense. In die Christelike tradisie word hierdie lewe gekenmerk deur geregtigheid wat 'n voeder is vir vrede en vreugde vir almal (Romeine 14:17). Ware leiers bou nie hul eie ryke en magsblokke nie.

Ware leiers is nie eiewillig nie. Hulle laat geld nie hul eie, meermale selfsugtige wil tot elke prys nie. Hulle soek eensgesindheid met ander mense.

Trouens, hulle soek eensgesindheid met dít wat waar en wys en reg, goed en mooi, lieflik en loflik is.

> **“ Vir ware leiers gaan dit nie oor hul eie name en eer, roem en reputasie nie.**

Leiers van gehalte is begaan oor brood vir alle mense. Toegang tot water, kos, behuising, veilige omgewings, opvoeding, gesondheidsorg, deelname aan prosesse in die politiek en ekonomie, ontwikkeling van potensiaal en lewensvervulling bepaal leiers se prioriteite, besluite en beleid.

Leierskap wat goeie nuus is vir die samelewing, bevorder vergifnis, wat die weg baan vir berou, belydenis, bekering, versoening, restitusie en helende geregtigheid.

Leiers wat weet die belangrikste ding in die lewe is nie om altyd reg te wees nie, maar om vergeef te wees, bou 'n samelewing se sosiale kohesie, sosiale vertroue en sosiale kapitaal.

Leiers waarna ons hunker, werk vir omvattende verlossing en bevryding vir almal. Hulle werk daarvoor dat alle mense ware vryheid ervaar.

Hulle beywer hulle vir vryheid van verdrukking, verknegting, ontmensliking en diskriminasie op grond van faktore soos etnisiteit, sosio-ekonomiese posisie, geslag, seksuele oriëntasie, gestremdheid en ouderdom.

Hulle wy hulle toe aan vryheid vir diens aan mekaar, vir verantwoordelikheid neem vir mekaar, vir bydra tot 'n beter samelewing.

Die kaliber leiers wat ons samelewings wêreldwyd nodig het, waak teen versoekings.

Die doel van 'n versoeking is om 'n mens se aandag af te lei van die sake waarop dit werklik aankom. Die Here Jesus was versoek om te kies vir mag, eerder as vir die weg van die oorwinning oor boosheid deur broosheid.

'n Versugting na mag, status, geld en die vervulling van oënskynlik mooi maar moreel verkeerde potensiale, is versoekings wat probeer om ons aandag af te lei.

Ware leiers dra sorg dat hulle gefokus bly en aan die regte sake aandag skenk.

■ **Nico Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.